# Aangetrek vir die lewe

## Dit gaan reën, bring ‘n sambreel

Koos van der Merwe  | Eden Gemeente | 17 November 2025

Het jy al ooit in 'n skielike, onverwagse donderstorm beland? Een oomblik skyn die son, en die volgende oomblik sak die hemele op jou uit. Jy’s op pad van jou kar na die winkelsentrum, of jy stap met die hond, en die wolke bars net oop. As jy nie 'n sambreel of 'n reënjas het nie, is jy binne sekondes deurdrenk. Dis 'n ellendige gevoel. Jy voel blootgestel, koud, en totaal onvoorbereid.

Dink nou vir 'n oomblik daaraan as dit wat uit die hemel val, nie waterdruppels is nie. Stel jou voor dis nie reën wat jou tref nie, maar brandende pyle. Stukke vuurwarm metaal, pyle gedoop in teer en aan die brand gesteek, wat op jou afgeskiet word met die uitsluitlike doel om jou te vernietig. Daardie gevoel van blootstelling verander skielik van ongemak na lewensgevaar.

Dit is presies die beeld wat Paulus gebruik wanneer hy praat oor die vierde deel van die wapenrusting wat ons vandag bespreek. Dit is die skild van die geloof.

**Efesiërs 6:16**

By dit alles moet julle die skild van die geloof in die hand neem, want daarmee sal julle al die brandpyle van die Bose kan uitblus.

### 1. Die Wapenrusting en die Skild

Voordat ons by die skild self kom, kom ons herinner onsself net weer waaroor hierdie hele metafoor van die wapenrusting gaan. Die Bybel sê 'n paar merkwaardige dinge oor wat ons reeds het die oomblik as ons Christene word.

Kyk wat sê Paulus in...

**Efesiërs 1:3**

Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy het ons in Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is.

Het geseën. Verlede tyd. Al die seëninge. En in...

**Efesiërs 2:6**

Ja, in Christus Jesus het Hy ons saam met Hom opgewek uit die dood en ons saam met Hom 'n plek in die hemel gegee.

Paulus sê nie, "Hy sal ons eendag 'n plek in die hemel gee nie," hy sê, en dit is verstommend: Die plek aan die regterhand van God, die plek van die grootste krag, die grootste intimiteit, die grootste guns... Paulus sê dis reeds, in Christus, ons posisie.

En kyk wat sê Petrus in...

**2 Petrus 1:3 -4**

3Sy Goddelike krag het ons alles geskenk wat ons nodig het om te lewe en Hom te dien. Dit kom deurdat ons Hom ken wat ons geroep het deur sy heerlikheid en mag. 4Deur dit te doen, het Hy ons die kosbaarste en allergrootste gawes geskenk wat Hy belowe het. Daardeur kan julle die verderf ontvlug (the moral decay, rottenness, corruption—Amp) wat deur begeerlikheid in die wêreld werksaam is, en deel kry aan die Goddelike natuur.

Wat ’n stelling. Alles wat jy nodig het om jou die lewe wat God jou wil gee te kan laat leef is tot jou beskikking. Dit wat jou wil besoedel en vernietig, insluk, jy kan dit ontvlug. Jy het alles wat jy nodig het om te oorwin.

Maar, aan die een kant sê die Skrif jy het alles. En tog, aan die ander kant, gee dit 'n opdrag, dat jy alles wat joune is moet gebruik. Paulus stel dit so in...

**Romeine 6:11–13 (1983 Vertaling)**

11Julle moet dus altyd onthou dat ook júlle vir die sonde dood is, maar vir God lewe, omdat julle een is met Christus Jesus.

12Moet dan nie toelaat dat die sonde nog langer oor julle heerskappy voer en julle die begeertes van julle sterflike aardse bestaan laat gehoorsaam nie.

13Julle moet geen deel van julle liggame in diens van die sonde stel as ’n werktuig om goddeloosheid te bedrywe nie. Nee, stel julleself in diens van God as mense wat dood was maar lewend gemaak is, en stel elke deel van julle liggame in diens van God as werktuig om te doen wat God wil.

NTET: ...**be constantly counting upon the fact** that, on the one hand, you are those who have been separated from the sinful nature, and, on the other, that you are living ones with respect to God in Christ Jesus. **Stop therefore allowing** the sinful nature to reign as king in your mortal body with a view to obeying it [the body] in its passionate cravings...

Paulus sê, ten eerste, dat jy moet verstaan wat joune is omdat jy Christus as jou Meester gekies het. Die stryd is gewen, die oorlog is verby. Die oorwinning van die kruis moet jou laat verstaan, Hy wat reeds oorwin het is by jou.

En wat beteken “Jy is reeds vir die sonde dood, en vir God lewend.”? Dit beteken nie dat jy nie meer die vermoë het om te sondig nie. Dit beteken dat indien jy dit wat tot jou beskikking is in jou verhouding met Christus gebruik, die Bose tevergeefs sal probeer om jou te beïnvloed, jy is vir hom soos ’n dooie mens, ’n lyk, hy sal niks met jou kan regkry nie. maar vir Christus is jy lewend, Hy kan jou beïnvloed en baie dinge met jou regkry.

Paulus gee die praktiese opdrag: “Moet dan nie toelaat...” en “stel julleself in diens van God...” Jou Heer se krag is tot jou beskikking. Jy het die nuwe lewe. Daarom is die opdrag, in essensie: “Omdat Jesus se krag oor die Bose se invloed tot jou beskikking is, tree op asof jy sy krag oor sonde het.”

Die onthou (vers 11) is die inhoud van geloof, ’n aanhoudende reken, steun (be constantly counting upon the fact) dat jy met die Here se hulp in hierdie situasie kan oorwin, en die stel jouself in diens (vers 13) is die aksie van daardie geloof.

En dis wat Paulus bedoel met, “Trek die wapenrusting aan.” Hy sê: “Neem die verskillende voordele, voorregte, hulpbronne en kragte wat reeds joune is omdat jy in Christus glo, en gebruik dit.” Jy het die klere in die kas, maar jy moet dit aantrek.

Vandag kyk ons na die skild. Die Griekse woord hier is thureos (thoo-reh-os'), wat afgelei is van die woord thura, wat "deur" beteken. ’n Stuk hout, amper so groot soos ’n deur, oorgetrek met leer, en met metaal versterk. Dit was ontwerp vir een spesifieke doel: om die soldaat te beskerm wanneer die legioen 'n stad bestorm het. Juis dán, wanneer die geveg op sy hewigste was, wanneer die soldaat die kwesbaarste was omdat hy 'n muur probeer klim het, dán het hy daardie skild nodig gehad. Want dis wanneer die vyand nie net brandpyle op hom afgeskiet het nie, maar soms emmers vol gesmelte lood op hom uitgegooi het. Maak nie saak hoe sterk hy was of hoe goed met 'n swaard nie, daarteen het hy die beskerming van die skild, die thureos, nodig gehad.

En dit bring ons by die kern van Paulus se punt. Wanneer word hierdie skild gebruik? Wanneer kom die vurige pyle?

Paulus praat oor ons...

## 2. Vurige Beproewings

Paulus sê ons het die skild van geloof nodig om die "brandpyle van die Bose" af te weer. Hierdie pyle is nie net gewone, alledaagse versoekings nie. Dit is daardie intense, verterende aanvalle wat jou van balans af ruk en jou laat voel asof jou hele geloofswêreld in vlamme opgaan. En hier is die teen-intuïtiewe waarheid: hierdie vurige pyle kom dikwels nie wanneer ons lou of ongehoorsaam is nie. Hulle kom wanneer ons besluit om vorentoe te beweeg vir God.

Wanneer jy besluit, "Ek gaan regtig begin dien. Ek gaan meer vrygewig wees. Ek gaan my lewe

ernstig aan Christus oorgee..." Wanneer jy besluit om jou voet op die vyand se muur te sit, dis dán wanneer jy die vurige pyle kan verwag.

Emosioneel maak dit nie vir ons nie sin nie. Hoeveel keer het ek al by mense gehoor: "Ek verstaan dit nie. Ek het uiteindelik besluit om die regte ding te doen, en nou val my lewe uitmekaar." Mense sê: "Hoekom is ek nie voorheen aangeval nie? Waar was die brandpyle toe?" Die antwoord is eenvoudig: want jy was nie 'n bedreiging nie. Jy het saamgespeel. Hoekom sou die magte van die duisternis jou pla?

Dink aan Jesus self. In Markus 1 lees ons hoe Jesus sy openbare bediening begin. Hy word gedoop, en op daardie oomblik daal die Heilige Gees soos 'n duif op Hom neer, en 'n stem uit die hemel sê: "Jy is my geliefde Seun. Oor Jou verheug Ek My." Dit was 'n ongelooflike geestelike hoogtepunt, 'n oomblik van absolute bevestiging en krag. En wat gebeur onmiddellik daarna?

**Markus 1:12-13**

Net daarna het die Gees Hom die woestyn ingestuur. Veertig dae lank was Hy in die woestyn en is Hy deur die Satan versoek. Hy was tussen die wilde diere, en die engele het Hom versorg.

Op die hoogste punt van sy lewe, net toe Hy sy voet op die vyand se muur sou begin sit, toe sy aardse bediening van lering en wonderwerke sou begin, word Hy aangeval met vurige beproewings. Twyfel. Versoekings. Sy gedagtes word bestook.

Dis interessant dat net Markus noem dat Hy "tussen die wilde diere" was. Hoekom? Want Markus het vir die Romeinse Christene geskryf, die einste mense wat vir die leeus gegooi is vir hulle geloof. Markus sê vir hulle: "Omdat julle dit gewaag het om julle voet op die vyand se muur te sit, is julle nou tussen die wilde diere. Maar weet dit: daar is nie 'n enkele vurige beproewing wat oor jou kan kom wat Jesus Christus nie self deurgemaak het nie. Hy was ook tussen die wilde diere."

Vir nuwe Christene is hierdie 'n belangrike les. Dis normaal om 'n "post-bekering insinking" te ervaar. Jy gee jou lewe vir Christus, en skielik kom daar 'n krisis. Moenie dink dis vreemd nie. Dis in ’n sin 'n kompliment! 'n Eer! Dit beteken God plaas jou in die voorste linies. En diegene in die voorste linies is die eerstes wat getref word. Dieselfde geld vir enigeen van ons wat besluit om 'n nuwe seisoen van geestelike groei of diens, opoffering, vrygewigheid aan te pak. Wees gereed.

Maar daar is ook ’n ander kant van die saak: Élke beproewing is nie 'n teken dat ons die vyand se muur bestorm nie. Soms kom die pyle nie omdat ons vorder nie, maar omdat ons kompromieë aangaan. Paulus gee 'n ernstige waarskuwing in 1 Korintiërs, en hy gebruik die volk Israel in die woestyn as voorbeeld. Hulle het al God se seëninge gehad – die wolk, die see, die manna, die water uit die rots, wat Christus was – en tog het hulle geval.

Kom ons lees daardie gedeelte.

**1 Korintiërs 10:1–13 (1983 Vertaling)**

10 Ek wil hê julle moet weet, broers, dat ons voorvaders almal onder die beskerming van die wolk was en dat hulle almal veilig deur die see gegaan het.

2In die wolk en in die see is hulle almal gedoop as volgelinge van Moses.

3Hulle het almal dieselfde geestelike voedsel geëet

4en almal dieselfde geestelike drank gedrink: hulle het gedrink uit 'n geestelike rots wat met hulle saamgegaan het. Die rots was Christus.

5En tog was God met die meeste van hulle nie tevrede nie, want hulle het in die woestyn omgekom.

6Hierdie dinge het gebeur as 'n voorbeeld vir ons, dat ons nie na die verkeerde dinge moet hunker soos hulle gehunker het nie.

7Julle moenie afgode dien nie, soos party van hulle gedoen het. Daar staan immers geskrywe: "Die volk het gaan sit om te eet en te drink en het opgestaan om te speel."

8Laat ons nie onsedelikheid bedrywe soos party van hulle gedoen het nie: op een dag het daar drie en twintig duisend van hulle omgekom.

9Laat ons Christus nie uittart soos party van hulle gedoen het nie: hulle het deur slange omgekom.

10En moenie murmureer nie, soos party van hulle gemurmureer het: hulle het deur die doodsengel omgekom.

11Hierdie dinge het met hulle gebeur as 'n voorbeeld vir ons en is opgeskryf as 'n waarskuwing vir ons wat in die laaste bedeling lewe.

12Daarom, wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie.

13Geen versoeking wat meer is as wat 'n mens kan weerstaan, het julle oorval nie. God is getrou. Hy sal nie toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; as die versoeking kom, sal Hy ook die uitkoms gee, sodat julle dit kan weerstaan.

Hierdie mense het geval, nie omdat hulle die vyand aangeval het nie, maar omdat hulle harte oop was vir versoekings, afgodsdiens, onsedelikheid, murmurering en ongeloof. Versoeking is ook brandpyle. Die pyle van die innerlike begeertes en sondes wat ons nie weerstaan nie, maar begin vertroetel.

Maar selfs hier, kyk na die ongelooflike belofte in vers 13. God is getrou. Hy sal altyd 'n uitkoms gee. Die skild van geloof is ook daar vir hierdie stryd.

En dan is daar daardie ander soort pyle. Daardie skielike, aggressiewe, of morbiede, of onsedelike, selfs lasterlike gedagtes wat uit die niet in jou posvat. Twyfel oor God. Beskuldigings teen jouself. Vreemde, onvanpaste gedagtes. Dit kan gebeur in die middel van nagmaal. Dit kan gebeur terwyl jy bid. Dit kan gebeur terwyl jy jou Bybel lees. En jy dink: "Watter soort mens is ek om so iets te dink?"

Onthou vir Jesus in die woestyn. Hy het geen sonde gehad nie, so hoe kon Hy versoek word?

Sy versoekings kon nie uit 'n sondige hart opkom nie. Hulle moes van buite af kom. Hulle was gedagtes wat na Hom toe geslinger is. Dis die vyand se brandpyle.

'n Ou Puriteinse skrywer het dit so gestel: "One of Satan's devices is to leave his brats at the door and try to get you to believe you fathered them."

Wanneer daardie gedagtes kom, tel 'n gelowige sy skild op en sê: "Here, ek weet my hart is tot hierdie dinge in staat. Maar hierdie gedagtes het nie uit my hart gekom nie. Ek haat hulle. Hulle is vir my afstootlik. Hulle is van buite. Ek verwerp hulle, en ek herinner myself daaraan dat ek nie gered word deur die reinheid of sterkte van my eie hart nie, maar deur my geloof in die reinheid en sterkte wat Jesus Christus het en wat Hy vir my gee. Ek is eens gered omdat ek geglo het, en ek word steeds gered deur geloof..."

Kom ons dink dan aan...

**3. Geloof**

Die skild van *geloof*. Wat is hierdie geloof? Die Griekse woord beteken veel meer as net intellektuele instemming. Dit beteken vertroue, staatmaak, lojaliteit.

Timothy Keller definieer dit eenvoudig: Geloof is om te kyk.

Paulus sê op ons aardse, sterflike reis glo ons ons gaan God na ons dood sien, al sien ons Hom nie nou nie

**2 Korinthiërs 5:7**

Want ons wandel deur geloof en nie deur aanskouing nie.

Dit beteken dat ons in hierdie lewe as't ware kyk na Hom wat onsigbaar is, totdat ons Hom eendag werklik sien. Geloof is om nou te kyk na God wat nie gesien word nie in plaas van na die beproewing. Geloof is om God te onthou, op Hom te reken.

Onthou jy die twee gebeurtenisse in Dotan?

In 2 Konings 6 is die profeet Elisa en sy dienskneg in die stad Dotan, en die hele Aramese leër omsingel hulle. Die dienskneg is buite homself van vrees. Hy sê: "Ag, my heer, wat gaan ons nou maak?" Elisa sê kalm: "Moenie bang wees nie, dié wat by ons is, is meer as dié wat by hulle is." Toe bid hy: "Here, maak tog sy oë oop dat hy kan sien." En die Here maak sy oë oop, en hy sien die berge rondom is vol perde en strydwaens van vuur.

Geloof is om die strydwaens van vuur te "sien", selfs wanneer jou oë net die vyand se leër sien.

Maar eeue vantevore, op presies dieselfde plek, Dotan, was daar nog nie 'n stad nie. Daar was

net 'n put. En in daardie put was 'n jong man met die naam Josef, ingegooi deur sy eie broers om as slaaf verkoop te word. Hy het sekerlik gebid en gebid: "Here, red my!" Maar die strydwaens van vuur het nie gekom nie. Hy is as slaaf verkoop. Hoekom? Sodat hy eendag die eerste minister van Egipte kon word en sy hele familie en nasie kon red.

God was net so teenwoordig by Josef in die put as by Elisa op die stadsmuur. Die strydwaens van vuur was daar, hulle het net op 'n ander manier, volgens 'n groter, onsigbare plan, gewerk.

Geloof is om die God van krag en wysheid te “sien”—om op wat jy in Hom het te reken, selfs in die donkerste put.

Die apostel Jakobus verstaan dit. Hy sluit hierby aan wanneer hy skryf oor die doel van beproewings.

**Jakobus 1:2–8 (1983 Vertaling)**

2My broers, julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom,

3want, soos julle weet, as julle geloof die toets deurstaan het, stel dit julle in staat om te volhard.

4En die volharding moet end-uit volgehou word sodat julle tot volle geestelike rypheid kan kom, sonder enige tekortkoming.

5As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid, en Hy sal dit aan hom gee, want God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyt.

6Maar ’n mens moet gelowig bid en nie twyfel nie, want iemand wat twyfel, is soos ’n brander in die see wat deur die wind aangejaag en heen en weer gedryf word.

7–8So ’n mens wat altyd aan die twyfel is en onbestendig is in al sy doen en late, moet nie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie.

Jakobus sê wanneer beproewings kom, sien dit as 'n rede vir vreugde. Hoekom? Want dit toets jou geloof, en daardie getoetste geloof kweek volharding. Die Griekse woord vir volharding hier is hupomone (hoop-om-on-ay'). Dit is nie passiewe uithou nie; dis aktiewe, standvastige deursettingsvermoë. Dit is die karaktereienskap wat ons tot geestelike volwassenheid bring.

En hy sê dat jy in sulke tye gelowig moet bid. Dis om die skild op te tel. Om na God toe te draai vir wysheid en krag...

Jakobus sê geloof is daarom beide 'n verdedigingsmeganisme én 'n instrument vir groei. Dit blus nie net die pyle uit nie, dit gebruik die hitte van daardie pyle om ons te vorm en te suiwer.

Dalk is jy vanoggend hier en jy is in die middel van 'n vurige beproewing. Jy voel die hitte. Die pyle reën op jou neer. Twyfel, vrees, versoeking, pyn. Jy voel blootgestel en alleen.

Die evangelie sê nie die pyle sal nie kom nie. Dit sê jy het 'n skild. Geloof is om jou oë van die

vlamme af te haal en te kyk na Hom wat onsigbaar is. Dis om te onthou dat Hy by jou in die put is, selfs al sien jy nie die redding dadelik nie. Dis om te vertrou dat sy plan groter is as jou pyn, en sy krag groter as die krag van jou vyand.

Mag God, deur sy Gees, as jy nou deur diep waters gaan, jou oë van geloof oopmaak. Mag Hy jou die strydwaens van vuur wys wat jou omring. Mag jy sien, die Here wat vir jou gesterf het, het die verwonding, die pyn, die foltering, en die vernietiging van elke vurige pyl van die Bose reeds in sy eie liggaam gevoel.

En as jy die nagmaal neem, neem jy die skild van die geloof op. Jy sien, jy onthou dat die vyand wat jou aanval, reeds deur jou Vriend oorwin is. En jou vyand hierdie Vriend op Wie jy vertrou. Jou Vriend, en Meester en Redder het elke vurig pyl wat die vyand kan afvuur getrotseer. Hy het gesterf, en tog oorwin. Dis op hierdie Heer, die Oorwinnaar oor elke beproewing en versoeking, se hulp wat jy reken. Dis na Hom wat jy roep. Dis na Hom wat jy kyk as jy hierdie brood en hierdie wyn in jou hande neem...

Laat die woorde van die psalmis op jou lippe, in jou hart, en voor jou oë wees as jy die nagmaal neem...

**Psalm 27:1-3**

Die HERE is my lig en my heil: vir wie sou ek vrees? Die HERE is die toevlug van my lewe: vir wie sou ek vervaard wees?

2As kwaaddoeners teen my nader kom om my vlees te eet—my teëstanders en my vyande, ja, myne—struikel hulle self en val.

3Al word 'n laer teen my opgeslaan, my hart sal nie vrees nie; al staan 'n oorlog teen my op, nogtans vertrou ek.